Maart / March 2024

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Psalm 16 vers 6: "My erfenis is vir my mooi."



Gouritsrivier - Albertinia Distrik

# DIE 2023 GRAANSEISOEN



Henry Gale, Senior Bestuurder: Graan

Die 2023 oesjaar het afgeskop met groot verwagtinge as gevolg van goeie natuurstoestande, maar met 'n teleurstellende einde in terme van 'n laer opbrengs en kwaliteit probleme op sekere gewasse.


Rekord vlakke reën het voorgekom tydens die groeifase en dit het aangehou tot in oestyd, met gevolglike kwaliteit probleme by gars en 'n langer tydsverloop voordat canola gesny kon word.

Dit het die oesproses vir lang tye tot stilstand gebring en produsente het gesukkel om in die lande te kom. Die aanvanklike skatting in die SSK-bedieningsgebied was in die orde van 530,000 ton, maar die skatting is afwaarts aangepas na 480 000 ton, namate inname gevorder het en daar meer duidelikheid was rondom die werklike opbrengs.

Teen einde Desember 2023 het SSK 430 000 ton graan ontvang wat tot op hede dan ook die grootste oes was vir die SSK-bedieningsgebied.




Meeste van SSK se vaste silo kapasiteite was ten volle benut.




Die oormaat reën voor en gedurende oestyd het sy tol geëis op moutgars en 'n groot deel van die oes is as voergars gegradeer weens gebarste pitte.


Die mark het egter ingestem om 'n gedeelte van die oes in te neem op 'n konsessie vir gebarste pitte, met streng voorwaardes waaraan die gars moet voldoen om later as moutgars opgeneem te kan word.

Oor die algemeen was die stikstof vlakke en die vetkorrels persentasie op gars, ook heelwat laer as die vorige jaar.

Koring opbrengste was ook laer as geskat en dit was duidelik waarneembaar tydens inname weens die laer skepel massas.


Daar was aanvanklik gevrees dat 'n groot deel van die koringoes AKK graad kon wees weens lae proteïne, maar namate oes inname gevorder het, het die koring grade ook verbeter.

**Gars graad samestelling %**




**2022/2023 Oesjaar** **2023/2024 Oesjaar**

**Koring graad samestelling %**




**2022/2023 Oesjaar** **2023/2024 Oesjaar**

Canola het oor die algemeen baie goed gedoen en die gemiddelde opbrengs was ook aansienlik meer as die skatting. Hawer het egter nie so goed gedoen nie en daar was 'n merkbare afname in die tonne hawer gelewer vanjaar.

SSK het alreeds vroeg begin met die voorbereiding vir die 2023/2024 oes inname deur addisionele silosakdepots te vestig by Heidelberg-, Riversdal- en Herold silo's.

Saam met die sakdepot is nuwe vaste opberging kapasiteit gevestig te Protem- en Krombeks Silo's.

Daar is ook baie kapitaal geïnvesteer met die opgradering van inname sisteme en die aankoop van nuwe toerusting wat die effektiwiteit van SSK se silo's aansienlik verbeter het.

SSK kon dus gedurende oestyd 60 000 ton graan uitlaai om deurlopend aflaai-kapasiteit te kon skep vir ons produsente.

SSK fokus alreeds op verbetering met die oog op die volgende oes inname. Ons sien daarna uit om weer gereed te wees om 'n buitengewone groot oes te kan hanteer.

Ons wens al ons produsente 'n goeie 2024 oesjaar toe.

*- Henry Gale*
*Senior Bestuurder: Graan*

# JURIE MULLER: 'N STORIE OOR PLAAS EN SEE





Indien daar iets sou bestaan soos 'n tipiese- of stereotipiese boer, dan sou Jurie Muller van Vleesbaai a-tipies wees. 'n Ander publikasie het hom "the Salt Shepherd genoem". Wat 'n raak beskrywing van die 38-jarige jong man met sy langerige hare en songebrande vel! 'n "Surfer" van formaat wat altyd op soek is na 'n nóg groter brander om te ry, maar wat ook passievol boer met 5000 stuk Merino's en vleisbeeste.

Ouland, naby Vleesbaai is seker een van die heel mooiste plase in die Tuinroete waar die see- en plaasreuk vir Jurie inspireer om kreatief te dink oor hoe hy sy twee groot liefdes kan kombineer. Jurie is die oudste kind en enigste seun van Johan (Coke) en Louise Muller, en die 8ste geslag Muller op Ouland.

In 2010 het Jurie die handelsmerk Gonzo Shapes gevestig. Die woord "Gonzo" beteken om jou eie storie te skryf en dit is presies wat Jurie op sy eie unieke manier doen. Hy begin aanvanklik eers in 'n ou hoenderskuur om hand-gevormde branderplanke vir eie gebruik en op spesiale bestelling te maak.

Hy vertel dat hy maklik verveeld raak en altyd nuuskierig is om te sien "of 'n ding kan werk". Hy tel gereeld uitgespoelde items by die see op en doen dan so sy deel vir herwinning. Eendag het hy 'n ou boei op Vleesbaai se strand opgetel en dadelik besef dat hy die materiaal as skuimkern vir 'n branderplank kan gebruik. Hy begin toe wonder of hy rouwol sou kon gebruik om die vorm te versterk. Sy ouma het altyd kunswerke met velt gedoen en hy wou eksperimenteer met 'n tipe wolkombersie van fyn Merino wol. Die tradisionele manier was om eers vertikaal en dan horisontaal die wol met seep in te vryf. Dit was die eerste stap wat Jurie probeer het, maar die wolkombers was te dik, die verhardingsmateriaal het die skuim gevreet en hy moes noodgedwonge terug na die spreekwoordelike tekenbord.



**Jurie Muller surf 'n groot golf by Dungeons op Houtbaai. Foto: Grant Scholtz**

Die antwoord was 'n vakuumproses waartydens die resin (hars) in die 18 mikron wol ingetrek word en die wol plat- en styfgetrek word. Sy Eureka oomblik het aangebreek toe die proses vrugte afgewerp het en hy die branderplank perfek kon afwerk. Die wêreldbekende bier-handelsmerk, Corona, het die reg by hom gekoop om die proses op die plaas en in die see te verfilm en die kortfilm "Tides of Wool" is onlangs by die Jeffreysbaai Ope Branderplank Kompetisie gewys.

En steeds is dit die einde niet. In die inperkingstyd het hy gewonder of hy die duisende turksvye op die plaas kon gebruik om te distilleer. Hy het 'n kursus in distillering voltooi en gou gesien dat die turksvye nie gaan werk nie. Tans stook hy met mielies, heuning en koring en maak ontwerpers vodka, rum en gin met die byvoeging van verskeie speserye. Hy lewer aan gesiene restaurante in George, Jeffreysbaai en Stellenbosch. Addisioneel bied hy en Stepanie Smith, sy "beter helfte", van tyd tot tyd "artisan" kaas- en ginproe sessies op Ouland aan. Stephanie is die ontwerper-kaasmaker onder die handelsmerk Garda.

Jurie Muller is 'n groot dromer wat nie vaskyk teen beperkings en limiete nie, maar altyd sal kyk "of 'n ding kan werk". Mag sy nuuskierigheid nog baie die oorhand kry en tot baie ontdekkings lei.

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*



FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# HENRY GALE

## Senior Bestuurder: Graan

**VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN**

Ek het groot geword in Paul Pietersburg in die noorde van KZN en het matriek geslaag by Hoërskool Pionier in Vryheid. Ek is getroud met Carla en ons het 'n 16-jarige seun, Alex (Graad 10 leerling by Swellendam Hoërskool). Ek en Carla het ontmoet by die Natalse Landbou-koöperasie waar ons saam gewerk het.

**WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?**

Ons is lief vir die buitelewe en die natuur en stap graag waar die natuurlewe mooi is.

**KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER**

Na my diensplig jaar in 1990 sluit ek aan by die Natalse Landboukoöperasie as 'n Leerling Gradeerder. Ek vorder en beklee Gradeerder- en Silobestuurder posisies by verskeie silo's. In 1996 word ek bevorder na Produkte Bestuurder oorhoofs: Natal-streek silo's. Ek sluit by SSK aan in 2010 waar ek tot op hede voortbou op my loopbaan.

**GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE**

Ek was geseënd om vinnig te kon ontwikkel en vorder in die graanbedryf. Ek sien elke jaar wat ek in die bedryf is as 'n prestasie waartydens ek myself kan verbeter met praktiese kennis.

**WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?**

Verseker nog in diens by SSK ten einde waarde toe te voeg tot die graanbedryf. Saam kan ons SSK versterk en kliëntediens daagliks 'n prioriteit maak.



Carla, Henry en Alex Gale

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?**

Ek het al saam met baie ervare mense gewerk in my beroep. Die beste raad wat ek nog ooit ontvang het is : "As jy dink jy weet alles van jou bedryf, dan is jy naïef en dan moet jy vinnig nederig word voor die graanbedryf jou nederig maak".

**WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?**

Ek is regtig nie so kwaai as wat ek lyk nie en al is ek 'n introvert is ek lief om na mense te luister. Hulle sê mos "'n gemaklike stilte sê baie meer as baie woorde".

SSK

# LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Ocktober Bezuidenhout

**25 JAAR:** Maria Matthysen

**20 JAAR:** Daniel Conradie

**10 JAAR:** Diaan van der Walt, Theoline Karriem, Heidric Baatjies, Deaven Kleynhans, Olivia Koopman, Henry Swanepoel, Johan Prins, Thomas Carelse, Elrina Rondganger, Erik Cronje



Ocktober Bezuidenhout (Onderhoudsbeampte) word deur Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) gelukgewens met 30 jaar diens.

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | NOV 2023 | DES 2023 | JAN 2024 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 7 | 20 | 14 |
| Albertinia | 22 | 5 | 7 |
| Ashton | 0 | 41 | 22 |
| Avontuur | 3 | 74 | 32 |
| George | 10 | 112 | 35 |
| Heidelberg | 0 | 47 | 30 |
| Herold | 0 | 23 | 23 |
| Joubertina | 10 | 6 | 30 |
| Karringmelks | 0 | 83 | 46 |
| Knysna | 9 | 78 | 29 |
| Misgund | 9 | 30 | 10 |
| Mosselbaai | 2 | 87 | 27 |
| Protem | 0 | 88 | 75 |
| Plettenbergbaai | 13 | 70 | 39 |
| Riversdal | 0 | 47 | 30 |
| Swellendam | 0 | 120 | 4 |
| Uniondale | 0 | 33 | 14 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# DIE GEVARE VAN AANPLANT VAN TERUGGEHOUDE CANOLASAAD

**P Lombard, L Smorenburg & J Strauss**

In die Noord-Kaap word gesê, **"as die kortpad die beste opsie was, dan sou die pad daarlangs geloop het"**. Dié vraag word gereeld binne die bedryf gevra: "kan canolasaad teruggehou word en weer geplant word"? Hierdie is geen nuwe onderwerp nie, maar wel 'n onderwerp wat die afgelope twee seisoene baie bespreek is. Ons staan op die oomblik in die Wes-Kaap voor belangrike keuses:

1. stop ons ons wisselbou stelsel,
2. plant ons enige beskikbare kultivar, of
3. plant ons teruggehoude saad?

Die afgelope twee seisoene is daar proewe deur die Wes-Kaap department van Landbou aangeplant om hierdie opsies te ondersoek. Daar is vyf (2023) en ses (2022) kultivars van teruggehoude- en maatskappysaad (kontrole) aangeplant in die proewe en ons het die volgende bevind:

- **Saadopbrengs daal met 13-26.6% (2023) en 5.5-24.1% (2022)**
- **Sommige kultivars se opbrengs daal minder as ander, maar hierdie proef se gemiddelde afname was 18.7% (2023) en 13.9% (2022).**
- **Olie-inhoud neem af met 0.8% in 2023 en 2022**
- **Saailinge sterf af (swakker oorlewing) 32% (2022) en 30.5% (2023)**
- **Swartstaminfeksie neem toe (11%-20.2%) in 2022.**

In 2022 was die teruggehoude canolasaad nie behandel met 'n swamdoder nie, terwyl dit in 2023 wel behandel was met 'n swamdoder wat (belangrik) geregistreer is teen swartstam. Die saadopbrengs het steeds met 13.5% gedaal en die plantestand was 17.9% laer, ten spyte daarvan dat die saad wel behandel was teen swartstam. Indien die maatskappy-saad en teruggehoude saad vir Sclerotinia gespuit word, het die opbrengs steeds gemiddeld met 10.1% gedaal. Die blomdatum van die teruggehoude saad was in die meeste gevalle effens later (1-2 dae) as die van die maatskappysaad. Wat belangrik is, teruggehoude saad het later klaargemaak met blom as die kontrole en word baie ongelyk ryp.

Daar was 'n beduidende afname in opbrengs met verhoogde swartstamdruk (2022) waar teruggehoude saad gebruik was. Die hoër interne swartstaminfeksie skep die gevaar dat daar verhoogde siektedruk in komende jare verwag kan word. Dit kan noodlottige gevolge vir die bedryf inhou. Nou staan ons weer voor die keuse van die pad vorentoe. Die kortpad (plaassaad in hierdie geval) is nie die beste opsie nie en is letterlik vol moontlike struikelblokke.




Figuur 1: Teruggehoude saad en maatskappysaad tydens rosetstadium(links) en tydens laat blomstadium (regs) op Langgewens in 2022.

## SSK SAADPRYSE 2024

*Let Wel: Alle pryse sluit BTW uit.*

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KORING | SST 056 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | SST 0117 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | SST 0147 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | SST 0166 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | SST 0187 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | SST 0208 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| KORING | LG ANCIA | 50 kg | R 600.00 | 12.00 |
| KORING | LG AFFICION | 50 kg | R 600.00 | 12.00 |
| HAWER | PALLINUP | 25 kg | R 385.00 | 15.40 |
| HAWER | DUNNART | 25 kg | R 395.00 | 15.80 |
| HAWER | SSH 405 | 50 kg | R 547.00 | 10.94 |
| HAWER | SSH 4185 | 50 kg | R 547.00 | 10.94 |
| HAWER | SSH 4186 | 50 kg | R 547.00 | 10.94 |
| HAWER | SSH 491 | 50 kg | R 547.00 | 10.94 |
| HAWER | SAIA | 25 kg | R 513.75 | 20.55 |
| HAWER | HORSEPOWER | 50 kg | R 1 060.00 | 21.20 |
| HAWER | SIMONSBERG | 50 kg | R 900.00 | 18.00 |
| HAWER | SADDLE | 25 kg | R 530.00 | 21.20 |
| HAWER | WIZARD | 25 kg | R 491.00 | 19.64 |
| HAWER | RUSHMORE | 25 kg | R 550.00 | 22.00 |
| HAWER | MACNIFICO | 25 kg | R 597.50 | 23.90 |
| CANOLA | DIAMOND | 20 kg | R 10 900.00 | 545.00 |
| CANOLA | QUARTS | 20 kg | R 10 500.00 | 525.00 |
| CANOLA | HYOLA 91117 | 20 kg | R 10 260.00 | 513.00 |
| CANOLA | HYOLA 90013 | 20 kg | R 10 260.00 | 513.00 |
| CANOLA | 45Y94 | 20 kg | R 12 503.85 | 625.19 |
| CANOLA | 43Y92 | 20 kg | R 11 891.45 | 594.57 |
| CANOLA | 45Y95 | 20 kg | R 12 911.85 | 645.59 |
| CANOLA | EQUINOX | 20 kg | R 10 748.00 | 537.40 |
| CANOLA | CERES CL | 20 kg | R 13 500.00 | 675.00 |
| CANOLA | BLAZER TT | 20 kg | R 10 944.00 | 547.20 |
| CANOLA | ALPHA TT | 20 kg | R 12 450.00 | 622.50 |
| CANOLA | HYTECH TROPHEY | 20 kg | R 12 950.00 | 647.50 |
| CANOLA | ENFORCER CT | 20 kg | R 10 748.00 | 537.40 |
| KOROG | US 2019 | 25 kg | R 270.25 | 10.81 |
| KOROG | AG BEACON | 25 kg | R 350.00 | 14.00 |
| KOROG | AG BENTLEY | 25 kg | R 360.00 | 14.40 |
| KOROG | AG MARCELL | 25 kg | R 360.00 | 14.40 |
| WIEKE | WIEKE NAMOI | 25 kg | R 1 550.00 | 62.00 |
| WIEKE | WIEKE HAYMAKER | 25 kg | R 1 399.25 | 55.97 |
| WIEKE | WIEKE VOLGA | 25 kg | R 943.00 | 37.72 |
| WIEKE | WIEKE TIMOK | 25 kg | R 1 237.50 | 49.50 |

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| GARS | MOBY | 25 kg | R 352.25 | 7.05 |
| GARS | SKG 9 | 50 kg | R 750.00 | 15.00 |
| GARS | SVG 13 | 50 kg | R 583.50 | 11.67 |
| GARS | HESSEKWA | 50 kg | R 540.00 | 10.80 |
| GARS | KADIE | 50 kg | R 540.00 | 10.80 |
| GARS | BITOU | 50 kg | R 540.00 | 10.80 |
| GARS | MALGAS | 50 kg | R 540.00 | 10.80 |
| LUPIENE | MANDELUP | 25 kg | R 350.00 | 14.00 |
| LUPIENE | SSL 10 | 25 kg | R 350.00 | 14.00 |
| LUPIENE | LILA B | 25 kg | R 475.00 | 19.00 |
| LUPIENE | COYOTE | 25 kg | R 655.00 | 26.20 |
| LUPIENE | AZURO | 25 kg | R 306.00 | 12.24 |
| LUPIENE | TANJIL | 25 kg | R 525.00 | 21.00 |
| VOERERTE | ASTRONAUTE | 25 kg | R 1 000.00 | 40.00 |
| VOERERTE | AVRIKA | 25 kg | R 489.75 | 19.59 |
| VOERERTE | AVATAR | 25 kg | R 800.00 | 32.00 |
| VOERERTE | GAMBIT | 25 kg | R 489.75 | 19.59 |
| VOERERTE | ESO | 25 kg | R 800.00 | 32.00 |

Saadpryse is 'n onlosmaakbare aspek van die produsent se insetkoste in die landboubedryf. SSK se voortdurende missie is om hierdie pryse jaarliks so laag as moontlik te hou. Hierdie inisiatief dien nie alleen die belange van ons lede nie, maar dra ook by tot die algehele volhoubaarheid van die landboubedryf. Ons bied dus steeds wêreldklas gehalte teen die laagste pryse aan ons kliënte.

Voorspoed met die plantseisoen.

***Enige saad-verwante navrae kan gerig word aan:***
Gerdus Steyn,
Saad Afdelingsbestuurder
Sel: 082 521 4515 /
E-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za

## SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen:
- Koring - Dividend Extreme beheer teen stinkbrand, losbrand, saailingverwelk en wortelvrot
- Gars - Redigo/Seedgaurd beheer teen bedekte brand en losbrand
- Hawer - Shavit beheer teen losbrand

Die volgende behandelings word op versoek van produsente gedoen:
- **Imidakloprid** behandeling op koring, gars en hawer @ R48.50/50kg sakkie
- **Biocult** behandeling @ R89.83/50kg op koring en R119.78/50kg op gars
- **Galmano** behandeling op koring @ R256/50kg sakkie
- **Flite** behandeling @ R78.80/50kg op koring en R98.50/50kg op gars
- **Celest Top** behandeling op koring en gars @ R148/50kg

- **Imidakloprid** - Beheer teen russiese koringluis
- Beheer van russiese koringluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van **Imidakloprid** te bevorder
- **BIOCULT** is ñ mikrobiese grond inokulant wat wortelgroei stimuleer, opbrengs en kwaliteit verhoog.
- **Galmano** - Onderdrukking van vrotpootjie en blaarroes, losbrand en stinkbrand
- Onder normale omstandighede sal Galmano blaarroes beheer vir n periode van ongeveer **8 weke** na opkoms.
- **Celest Top** - Beskerming tov saailingverwelk en wortelvrot op gars en koring
  Beskerming teen plantluise en draadwurms op gars
  Beheer teen stinkbrand en losbrand op koring

# SSK PAKMATERIAAL IN DIE LANGKLOOF



DANK AAN ONS PRODUSENTE

Die SSK Pakmateriaal-span te Haarlem wil graag van die geleentheid gebruik maak om elke lid en kliënt te bedank vir u lojale ondersteuning. Ons is bewus van die talle uitdagings tans in die vrugtebedryf en wens u alle sterkte toe vir die res van die seisoen.

SSK Pakmateriaal word bedryf vanuit Haarlem in die Langkloof vanwaar hoë kwaliteit verpakkingsmateriaal versprei word. Ons missie is om aan u 'n goeie kwaliteit produk teen 'n mededingende prys met uitstekende diens te kan lewer.

ONS SPESIALISEER IN:

Die verskaffing en verspreiding van vrugte-, groente, blom- en industriële riffelkartonne asook houtpalette, plakkers-, plastiek, pulp en polistereen produkte.

Aflewerings word landwyd gedoen. Vir enige navrae rakende u verpakkingsbehoefte, kwotasies en kundige raad skakel ons gerus by:
SSK Pakmateriaal, Haarlem, Langkloof
Kantoor : Tel: 044 763 1088
Jaco Jonker: Selfoon: 082 821 2138
of e-pos jaco.jonker@ssk.co.za
Gerhard Coetzee: Selfoon: 083 297 9707
of e-pos gerhard.coetzee@ssk.co.za

# LANGKLOOF OESNUUS

Johann Reinecke (SSK Direkteur en Hoof Uitvoerende Beampte van Reddot Farms) is versigtig optimisties oor die appel-en peeroes wat tans in die proses is. "Die kwaliteit en kwantiteit van die vrugte is beter as in 2023 en die proses by die hawens verloop effens gladder. Ons hou duimvas dat ons produsente dié jaar hael- en hitteskade sal vryspring".






## DER KELDERMEISTER

# TOP 10 WINES

1. Jakkalsvlei Pink Moscato
2. Van Loveren Pinotage
3. Jakkalsvlei White Moscato
4. Perdeberg Soft Smooth Red
5. Badsberg Merlot
6. Van Loveren Sauvignon Blanc
7. Beyerskloof Pinotage
8. Badsberg Sauvignon Blanc
9. Badsberg Belladonna
10. Van Loveren Neil's Pick Colombar

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) / BROAD BASED BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT (BBBEE)

SSK se nuuste SEB telkaart is in November 2023 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 7 is behaal ingevolge die Agri-Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenlike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

Contact Andre Joubert at 028 514 8642 / andre.joubert@ssk.co.za or Koos van Zyl at 028 514 8703 / koos.vanzyl@ssk.co.za in this regard.

# LAAT JOU GELD VERDER GROEI.

**T7060-TREKKER**

Bevorder kontantvloei en sien jou kapitaal groei.

**PRIMA -8.5%* FINANSIERING**

PLM-SISTEEM GEMONTEER VANAF DIE FABRIEK (RTX-SEIN OPSIONEEL) INTELIVIEW® IV EN ISOBUS




RUIM KAJUIT MET 360 GRADE-UITSIG EN 'N LAE KLANKDIGTHEID VAN 69.6 dB

POWER BOOST COMMON RAIL-ENJIN (157 TOT 178 kW), 600-UUR-DIENSINTERVALLE

150 L/MIN-GESLOTEBAAN-HIDROULIESE SISTEEM MET 3 VOLLEDIGE VERSTELBARE KOPPELINGS

18X6 FPS POWER COMMAND-TRANSMISSIE MET KRUIPRAT (225 M/UUR)

ENKEL- (710/60R42) OF DUBBELWIEL- (20.8R42) MICHELIN-BANDE

*Bepalings en voorwaardes geld. Gestruktureerde betaalopsies beskikbaar. Onderhewig aan finansieringsgoedkeuring. Installasie- en diensfooie kan van toepassing wees. Aanbod geldig op die T7060-trekker, solank voorraad hou. BFW.

Service PLUS **2-jaar/2 000-uur-waarborg ingesluit.**

Kontak jou naaste SSK-tak vandag of skakel:

Quintus Smit (082 524 7397) – Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

CNH INDUSTRIAL CAPITAL

In alliansie met WesBank

WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk.
'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer, NCRCP20.

NEW HOLLAND

Volg ons op

www.newholland.com/za

Tindrum 24/030

# GRAAN SA OP KWEEKKRAAL (RIVERSDAL)

**Graan SA, in samewerking met SSK en Nedbank het in Januarie Pitkos en Padkos vir 2024 aan produsente voorsien. Funksies is by Kweekkraal (Riversdal) en Swellendam gehou.**




V.l.n.r: Hendrik Pienaar, Tobias Doyer en Derek Matthews.



V.l.n.r: Jose de Kock, AJ van As en Dirkie Hopkins.



V.l.n.r: JF Uys, Pietman Uys en Danie Jones.



V.l.n.r: Johann Muller, Francois Swanepoel en Clive Wright.

# HEIDELBERG JEUGSKOU

**Baie geluk aan al die deelnemers by die Heidelberg Jeugskou. Foto's geneem deur Marinelle Fourie (076 307 7781)**










Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za